There is Hope ministries

# Opvolg Reeks: Begin Jou Nuwe Lewe...

1. Begin Jou Nuwe Lewe Saam met Christus
2. Begin Jou Nuwe Lewe van Gemeenskap met Christus
3. Begin Jou Nuwe Lewe in die Heilige Gees - Ingeslote die 'Heilige Gees' Boekie van Campus Crusade for Christ
4. Begin Jou Nuwe Lewe van Groei in Christus
5. Begin Jou Nuwe Lewe In God se Woord
6. Begin Jou Nuwe Lewe In Gebed

*Hierdie bediening is uitsluitlik afhanklik van donasies deur mense soos u. Indien u gelei voel deur die vrede van die Heilige Gees, kan u 'n donasie maak in die volgende rekening:*
*ABSA, Tak:* ***509-145***
*Rek Nr:* ***40-6919-0901*** *Tipe:* ***Tjek***
*Naam:* ***There is Hope Ministries***
*Verwysing:* ***Naam & Van***
** Faks / Epos asseblief:*
*(i)**deposito strokie** & (ii)**pos adres***
*Die rekening word ge-oudit en fondse word aangewend tot uitvoer van die Groot Opdrag.*
*(Mattheus 28:18-20)*


- **E-pos:** hope@hope365.co.za
- **Faks:** (SA Alleen) 086 641 6505

*Pieter Brits*
*Strategie Katalis*
*There is Hope Ministries*

*Magdaleen Brits*
*Senior E-Mentor*
*There is Hope Ministries*


Ons sal graag van jou wil hoor!

Ons kantoor is ook beskikbaar om jou en jou dissipels op te lei in die:

- Wen van siele
- Hoe om 'n teikengebied

effektief met die evangelie te bereik.


**THERE IS HOPE MINISTRIES C.C.** 5de Laan 155, Kleinmond, 7195, RSA
**RAAD:** P Rossouw, A Klopper, TJ Duncan, AL de Kock

CAMPUS CRUSADE FOR CHRIST INTERNATIONAL 77/3041/08 ASSOCIATION INCORPORATED UNDER SECTION 21

# OPVOLG 1

**NAAM:** .....

**DATUM:** .....

##########

## Begin Jou Nuwe Lewe Saam met Christus

##########

Die oomblik toe jy, as daad van geloof, vir Jesus Christus in jou lewe ingenooi het as Verlosser en Here, het Hy ingekom. Dit is wat die Here belowe in Openbaring 3:20.

"*Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.*"

Het jy vir Christus op hierdie manier in jou lewe ingenooi?

Indien wel, waar is Christus op hierdie oomblik ten opsigte van jouself?

Volgens Openbaring 3:20, hoe weet jy dat Christus in jou lewe is?

Noudat jy Jesus Christus in jou lewe ingenooi het, het jy 'n persoonlike verhouding met Hom begin.

Jy het nou 'n kind van God geword.

Jy word nie 'n kind van God deur 'n goeie lewe te lei, of omdat jy in 'n Christelike familie gebore is nie.
Die woord "Christen" beteken: "*Christus in my*" Christus wat in my leef. Die Bybel vertel ons dat baie dinge gebeur wanneer Christus in jou kom leef.

## 1. 'N NUWE VERHOUDING

1) Wat bewys die opstanding van Jesus Christus vir ons? (Romeine 1:4)

2) Wie is Jesus Christus? (1 Johannes 5:20)

3) Wat sou die gevolge vir ons wees as Christus nie uit die dood opgestaan het nie? (1 Korintiers 15:13 17)

4.a) Wat het jy geword toe jy Jesus Christus aangeneem het? (Johannes 1:12)

b) Omdat ander Christene ook God se kinders is, wat is hulle nou van jou?

**Verlossing is God se gawe wat Hy *vrylik* gee aan elkeen wat sy geloof in Jesus Christus as Verlosser plaas. Daardeur ontvang ons ook vergifnis van sonde.**

5.a) Is verlossing die beloning van die mens se goeie werke? (Efesiers 2:8,9)

b) Hoe word verlossing dan bekom?

6) Het jy vergifnis van jou sonde ontvang? (Kolossense 1:13,14)

7.a) Sal Christus jou ooit verlaat? (Hebreers 13:5b; Johannes 10:28,29)

b) Omdat Christus belowe het Hy sal jou nooit verlaat nie, hoeveel keer moet 'n mens dan vir Jesus in jou lewe innooi?

## 2. 'N NUWE LEWE

1) Lees 1 Johannes 5:11 13.

2) Waar vind 'n mens die ewige lewe? (1 Johannes 5:11)

3) As 'n mens Christus in jou lewe het, watter soort lewe het jy dan? (1 Johannes 5:13)

4a) Kan 'n mens weet dat hy nou al reeds die ewige lewe het? (1 Johannes 5:13)

b) Weet jy of jy die ewige lewe het?

c) Hoe weet jy dit?

### 3. 'N NUWE AVONTUUR

1) Noudat jy Christus in jou lewe het, wat het jy geword? (2 Korintiers 5:17)

2) Wat kan jou skei van Christus? (Romeine 8:38,39)

3) Wie kan jou van Christus af wegvat? (Johannes 10:27 29)

## GEVOLGTREKKING

1) Op grond van bg. studie, noem enkele dinge wat op hierdie oomblik waar is van jou lewe.

2) Wil jy God nie sommer nou in gebed dank vir wat Hy vir jou gedoen het nie?
Om God te dank is alreeds 'n daad van geloof.

## VOORGESTELDE LEESWERK

Johannes 3.

## MEMORISEER

**Openbaring 3:20**

**Hebreers 13:5**

# OPVOLG 2

**NAAM:** .....

**DATUM:** .....

##########

## Begin Jou Nuwe Lewe Van Gemeenskap met Christus

##########

Toe jy Jesus aangeneem het, het jy 'n persoonlike verhouding met Hom begin. Jy het 'n kind van God geword. (Johannes 1:12). Jy het Sy lewe ontvang en dra ook nou Sy naam "*Christen*".

'n Algemene vraag wat baie Christene vra is: "*Wat gebeur as ek sondig en dinge doen waarvan God nie hou nie?*" Anders gestel, "*Is my verhouding verbreek?*" "*Verlaat Jesus nou my lewe?*"

Die antwoord op hierdie vrae kan die beste verstaan word as ons onderskei tussen ons verhouding tot God en ons gemeenskap met God.

## VERHOUDING

Ons kan die verskil tussen ons verhouding tot God en ons gemeenskap met God illustreer met die pa seun verhouding in 'n menslike familie. As 'n seun in die familie gebore word, is hy die seun van sy pa, omdat hy sy pa se lewe in hom het. Hy dra nou sy pa se naam.

Gestel die seun besluit om sy ouerhuis te verlaat, en hy doen baie dinge wat sy pa teleurstel. Is hy nog sy pa se kind?

Die verhouding van die pa en seun is permanent. Hierdie verhouding bestaan ongeag die gedrag van die seun.

## GEMEENSKAP

Wat gebeur nou met hul gemeenskap a.g.v die optrede van die seun? Is hulle gemeenskap verbreek? Wat moet die seun doen om hulle gemeenskap te herstel?: Hy moet na sy pa gaan, erken dat hy verkeerd is, en om vergifnis vra.

Kom ons vergelyk hierdie illustrasie met ons verhouding met God. Ons verhouding met God, ons Vader, is permanent. Ons is Sy kinders. Hierdie verhouding verander nooit.

Wanneer ons egter sondig en dinge doen waarvan God nie hou nie, word ons gemeenskap verbreek. Om dus hierdie gemeenskap te herstel, moet ons voor God erken dat ons verkeerd was en Sy vergifnis aanvaar.

Ons kan die verskil tussen ons verhouding en ons gemeenskap met God illustreer met drie harte.

**Lees 1 Korinthiers 2:14 - 3:3.**

1) Wat noem mens die **nie-Christen** in 1 Korinthiers 2:14? Skryf antwoord by hart nr. **(1)**

2) Wat noem mens die **Christus gerigte mens** in 1 Korinthiers. 2:15? Antwoord by nr. **(2)**

3) Wat word die **self gerigte mens** in 1 Korinthiers 3:1 genoem? Antwoord by nr. **(3)**
(Beantwoord vraag 1-3 by onderstaande diagramme)

**(1)**

**(Nie-Christen)**




4) Het hierdie mens 'n verhouding met God?

5) Het hy gemeenskap met God?

**(2)**

**(Christus Gerigte Mens)**




6) Het hierdie mens 'n verhouding met God?

7) Het hy gemeenskap met God?

## (3)

**(Self Gerigte Mens)**




Die vleeslike mens is 'n Christen wat 'n self gerigte lewe lei a.g.v sonde.

8) Het hierdie mens 'n verhouding met God?

9) Het hy gemeenskap met God?

Die natuurlike mens het Christus nie in sy lewe nie. Maar Christus is in die lewe van beide die geestelike , en die vleeslike mens; hulle is Christene.

Die vleeslike mens in hart nr. **(3)** kan sy gemeenskap met God herstel deur sy sonde te bely. Belydenis behels drie dinge: Saamstem, Dank en Berou.

As ons bely, **stem** ons met God **saam** dat wat Hy aan ons uitgewys het as sonde, wel sonde is.

Ons **dank** God ook dat daar vir hierdie sonde deur Jesus Christus se dood aan die kruis betaal is.

Belydenis behels ook **berou**. Berou is 'n verandering in houding, wat sal lei tot 'n verandering in optrede.

Die Christen moet verstaan dat as hy sondig en weer die beheer van sy lewe oorneem, hy onmiddellik sy sonde moet bely en God sal hom herstel tot gemeenskap.

### Lees 1 Johannes 1:9

10) Wat moet ons met ons sondes doen volgens hierdie vers?

11) Wat het God belowe om te doen as ons ons sondes bely?

## VOORGESTELDE LEESWERK

Lees 1 Johannes 1

## MEMORISEER

### Johannes 1:12

### 1 Johannes 1:9

# *OPVOLG 3*

**NAAM:** .....

**DATUM:** .....

##########

## Begin Jou Nuwe Lewe In die Heilige Gees

##########

Elke dag kan 'n opwindende avontuur wees vir die Christen wat die werklikheid ken om met die Heilige Gees vervul te wees, en wat voortdurend oomblik tot oomblik onder Sy beheer lewe.

Vir drie jaar het die dissipels saam met Jesus geloop, gewerk en gesels. Hulle het Hom geken, vertrou en liefgehad. Een spesifieke nag het Jesus egter vir sy dissipels baie ontstellende nuus vertel: Hy sou binnekort sterf.

Plaas jouself in die dissipels se plek. Hoe sou jy voel? Verward? Beangs? Hulpeloos? Hulle het seker ook.

Maar dan, verbeel jou Jesus se aan jou dat, as 'n gevolg van Sy heengaan na God die Vader, sal 'n ander Vriend kom een wat met jou sal wees; een wat in jou sal wees. Die Vriend wat sou kom is die Heilige Gees. 'n Wonderlike ding wat Jesus Sy volgelinge vertel het, was dat die Heilige Gees in hulle sou woon. Beter nog, Hy sou "*vir ewig met hulle wees*". Stel jou voor watter aanmoediging dit vir hierdie individue was. God sal Sy woning maak in die lewens van die mense wat Hom lief het en aangeneem het.

Op hierdie manier is die dissipels nie met die onmoontlike taak agtergelaat om die karakter van Christus na te maak en te probeer om Sy sending voort te sit nie. Daarenteen, deur die Heilige Gees, het die lewe van Christus met al Sy karakter, outoriteit en krag deur hulle individuele lewens en persoonlikhede gelewe.

Dis nou twintig eeue later, en Christus se belofte is steeds waar. Hy bied hoop aan die wat probeer lewe soos Hy gelewe het. Enige een wat met erns hierdie doel probeer bereik het, weet dat, so kosbaar soos dit is, dit 'n onbereikbare ideaal is. Slegs Jesus Christus kan optree soos Jesus Christus.

En dit, natuurlik, is wat Christenskap so uniek maak. I.p.v om ons te frustreer met die onvermydelike mislukking van probeer lewe volgens onbereikbare hoe etiese, morele en geestelike standaarde; bied die enigste Persoon wat werklik perfek aan al daardie standaarde voldoen, aan om dit weer te doen deur elkeen van ons. As Jesus eers in jou lewe ingekom het, het jy die potensiaal om Hom Sy lewe in en deur jou te laat leef. Dit is tot beskikking van elkeen!

Dit klink goed, nie waar nie? Die waarskynlike vraag is, hoe kan ek die opgestane Christus Sy lewe deur my laat leef? Die volgende sal help om dit duideliker te stel:

**Belangrik:**

Die volgende 3 bladsye is 'n getikte weergawe van die Heilige Gees Boekie. *"Het u al die wonderlike ontdekking van die Geesvervulde Lewe gemaak?"*

- ❖ Lees dit deur
- ❖ Voltooi die hersieningsvrae
- ❖ Jy is dan gereed om na Opvolg 4 te gaan

---

*Elke dag kan 'n opwindende avontuur wees vir die Christen wat weet hoe om met die Heilige Gees vervul/beheer te wees, en daagliks in Hom te wandel!*

---

**Die Bybel verduidelik aan ons dat daar drie soorte mense is:**

---

## 1. Die Natuurlike Mens

(Iemand wat nie vir Christus aangeneem het nie.)

*"Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word"* **(1 Korintiërs 2:14).**

***SELFBEHEERDE LEWE***



## 2. Die Geestelike Mens

(Iemand wat deur die Helige Gees beheer en bekragtig word.)

*"Die mens wat die Gees van God het, kan die waarde van alle dinge beoordeel, ... ons het die Gees van Christus"* **(1 Korintiërs 2:15,16)**.

***CHRISTUSBEHEERDE LEWE***




## 3. Die Vleeslike Mens

(Iemand wat Christus wel aangeneem het, maar geen oorwinning smaak nie, omdat hy op sy eie pogings staatmaak om die Christelike lewe te lei.)

*"Broers, ek kon met julle nie praat soos met mense wat hulle deur die Gees van God laat lei nie; ek moes praat soos met wêreldse mense, soos met kindertjies in die geloof in Christus. Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste kos nie, want julle kon dit nog nie verteer nie. En julle kan dit ook nou nog nie verteer nie, want julle is nog wêreldse mense. Daar kom jaloesie en twis onder julle voor. Is dit nie omdat julle nog wêrelds is en julle wêrelds gedra nie?"*
**(1 Korintiërs 3:1-3)**.

***SELFBEHEERDE LEWE***




1. God maak dit vir ons moontlik om 'n oorvloedige en vrugbare Christelike lewe te lei.

- *Jesus het gesê*: *"Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed"* **(Johannes 10:10)**.
- *"Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie"* **(Johannes 15:5)**.
- *"Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing"* **(Galasiërs 5:22, 23)**.
- *"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld"* **(Handelinge 1:8)**.

### Die Geestelike Mens

- eienskappe van die persoon wat sy vertroue in God plaas:




Die mate waarin hierdie eienskappe in die lewe voorkom, is afhanklik van hoeveel die persoon Christus in elke area van sy lewe vertrou en ook die persoon se geestelike volwassenheid in Christus. Die Christen wat nou eers die werking van die Heilige Gees begin begryp, hoef nie ontmoedig te voel, indien hy nie so vrugbaar is soos 'n meer volwasse Christen wat al vir 'n langer tydperk reeds hierdie waarheid ken en toepas nie.

*Hoekom ervaar die meeste Christene nie die oorvloedige lewe nie?*

2. Vleeslike Christene kan nie 'n oorvloedige en vrugbare Christelike lewe lei nie.

Die vleeslike mens maak op sy eie pogings staat om 'n Christelike lewe te lei:

1. Hy is óf onkundig, óf het van God se liefde, vergifnis en krag vergeet (Romeine 5:8-10; Hebreërs 10:1-25; 1 Johannes 1-1; Johannes 2:1-3; 2 Petrus 1:9; Handelinge 1:8).
2. Hy het 'n op en af geestelike ervaring.
3. Hy kan homself nie verstaan nie - hy wil doen wat reg is maar kan nie.
4. Hy vertrou nie op die krag van die Heilige Gees om 'n Christelike lewe te lei nie (1 Korintiërs 3:1-3; Romeine 7:15-24; Galasiërs 5:16-18)

### Die Vleeslike Mens

- eienskappe van die Christen wat God nie ten volle vertrou nie:




(Die persoon wat sê dat hy 'n Christen is, maar wat in sonde volhard, moet besef dat hy moontlik nie 'n Christen is nie, volgens 1 Johannes 2:3; 3:6, 3:9 & Efesiërs 5:5).

*Die derde waarheid gee die enigste oplossing vir hierdie probleem...*

3. Jesus belowe aan ons die oorvloedige en vrugbare lewe wanneer ons vervul (beheer en bekragtig) is met die Heilige Gees.

Die Geesvervulde lewe is die Christusbeheerde lewe; wanneer Christus Sy lewe, deur die krag van die Heilige Gees, in en deur ons lewe (Johannes 15).

- Iemand word 'n Christen deur die werking van die Heilige Gees volgens Johannes 3:1-8. Van daardie oomblik af (wedergeboorte), lewe die Heilige Gees altyd in jou (Johannes 1:12; Kolossense 2:9, 2:10; Johannes 14:16-17). **Alhoewel die Heilige Gees in alle Christene woon, is alle Christene nie voortdurend vervul (beheer en bekragtig) met die Heilige Gees nie.**
- Die Heilige Gees is die bron van die oorvloedige lewe (Johannes 7:37-39).
- Die Heilige Gees het gekom om Christus te verheerlik (Johannes 16:1-15). Iemand is 'n ware dissipel van Christus as hy met die Heilige Gees vervul is.
- In Sy laaste opdrag voor Sy hemelvaart, belowe Christus die krag van die Heilige Gees aan ons sodat ons Sy getuies kan wees. (Hand 1:1-9).

*Hoe kan ons deur die Heilige Gees vervul word?*

4. Ons kan deur die Heilige Gees vervul word deur geloof; slegs dan kan ons die oorvloedige & vrugbare lewe ervaar wat Christus belowe.

Jy kan **nou** vervul word met die Heilige Gees as jy:

- Werklik die begeerte het om deur die Heilige Gees beheer en bekragtig te word (Matteus 5:6; Johannes 7:37-39).
- Jou sondes bely. Dank God in die geloof dat Hy al jou sondes vergewe het - die van die verlede, hede en toekoms - omdat Christus vir jou gesterwe het (Kolossense 2:13-15; 1 Johannes 1; 2:1-3; Hebreërs 10:1-17).
- Elke area van jou lewe aan God oorgee (Romeine 12:1-2).
- Eien deur geloof die vervulling met die Heilige gees toe, volgens:
  1. **Sy Opdrag** - Wees vervul met die Heilige Gees. "*Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul*" **(Efes 5:18)**.
  2. **Sy Belofte** - Hy sal ons altyd antwoord as ons volgens Sy wil bid. "*En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra*" **(1 Johannes 5:14, 15)**.

*Gebed gee uiting aan geloof...*

## Hoe om in geloof te bid om met die Heilige Gees vervul/beheer te word!

Ons word deur geloof met die Heilige Gees vervul. Opregte gebed is een manier om uitdrukking aan jou geloof te gee.

Die volgende gebed dien as voorbeeld:

*"Liewe Vader, ek het U nodig.*
*Ek bely dat ek teenoor U gesondig het*
*deur my eie lewe te beheer.*
*Dankie dat U my sondes vergewe het*
*deur Christus se dood aan die kruis.*
*Ek nooi U uit om opnuut die troon*
*van my lewe te beheer.*
*Vul my met die Heilige Gees soos U beveel het*
*en ook belowe het in U woord om te doen,*
*as ek in geloof daarvoor vra.*

*Ek bid dit in die naam van Jesus.*
*As uitdrukking van my geloof,*
*dank ek U nou dat U my lewe beheer*
*en my met die Heilige Gees vervul het.*
*Amen"*

- Vertolk hierdie gebed die begeerte van jou hart?
- Indien wel, bid dit nou en vertrou dat God jou nou met die Heilige Gees vervul het?

## Hoe om te weet dat jy gevul (beheer en bekragtig) is met die Heilige Gees

- Het jy God gevra om jou met die Heilige Gees te vul?
- Hoe weet jy dat jy nou deur die Heilige Gees gevul is?

  Op grond van die geloofwaardigheid van God en Sy Woord. (Hebreërs 11:6; Romeine 14:22, 23.)

## Moenie op gevoelens staatmaak nie.

Ons waarborg is gebaseer op die beloftes van God se Woord en nie op ons gevoelens nie. Die Christen lewe deur die geloof (vertroue) in die geloofwaardigheid van God en Sy Woord. Hierdie treindiagram illustreer die vehouding tussen **waarheid** (God en Sy Woord), **geloof** (vertroue in God en Sy Woord) en **gevoel** (die gevolg van ons geloof en gehoorsaamheid) (Johannes 14:21).

Die trein sal met of sonder die konduk-teurswa ry. Dit sou egter dwaas wees om die trein deur die kondukteurswa te probeer trek.

Net so vertrou ons as Christene nie op ons gevoelens en emosies nie, maar ons plaas ons geloof (vertroue) in die betroubaarheid van God en die beloftes in Sy Woord.

## Hoe om in die Gees te Wandel

Geloof (vertroue in God en Sy beloftes) is die enigste manier waarop 'n Christen 'n Geesvervulde lewe kan lei. Soos jy leer hoe om Christus meer te vertrou sal:

- Jou lewe meer en meer die vrug van die Heilige Gees openbaar (Galasiërs 5:22-23), en sal jy al hoe meer aan die beeld van Christus gelykvormig word (Romeine 12:2; 2 Korintiërs 3:18)
- Jou gebedslewe en Bybelstudie sal meer betekenisvol wees
- Jy sal God se krag ondervind wanneer jy getuig (Handelinge 1:8)
- Jy sal toegerus wees vir die geestelike stryd teen die **wêreld** (1 Johannes 2:15-17); teen die **vlees** (Galasiërs 5:16-17); en teen **Satan** (1 Petrus 5:7-9; Efesiërs 6:10-13)
- Jy sal God se krag ondervind om versoekings en sonde te weerstaan (1 Korintiërs 10:13; Filippense 4:13; Efesiërs 1:19-23; 2 Timoteus 1:7; Romeine 6:1-16).

## Geestelike Asemhaling

Deur geloof kan ons aanhou om God se liefde en vergifnis te ervaar.
Indien jy bewus word van enige area in jou lewe ('n gesindheid of 'n daad) wat onaanvaarbaar is vir die Here, terwyl jy begeer om 'n Geesvervulde lewe te lei en om Hom te dien, dank Hom dat Hy slegs op grond van Christus se dood jou sondes (van die verlede, hede en toekoms) reeds vergewe het. Eien Sy liefde en vergifnis toe en gaan voort om in gemeenskap met Hom te lewe. As jy weer beheer neem van die troon van jou lewe deur sonde - 'n daad van ongehoorsaamheid - haal geestelik asem.

**Geestelike asemhaling** ("uitaseming" van die onreine en "inaseming" van die reine) is 'n geloofsoefening waardeur jy voortdurend God se liefde en vergifnis kan ervaar.

1. **Uitaseming** - **bely** jou sonde - stem saam met God dat dit sonde is en **dank** Hom vir Sy vergifnis volgens 1 Johannes 1:9 en Hebreërs 10:1-25. Belydenis sluit ook **berou** in - 'n verandering in gesindheid en optrede.
2. **Inaseming** - gee die beheer van jou lewe terug aan Christus en laat die Heilige Gees jou deur geloof ten volle beheer. Vertrou dat Hy nou in beheer van jou lewe is en jou bekragtig op grond van sy **opdrag** in Efesiërs 5:18, en sy **belofte** in 1 Johannes 5:14-15.

Nadat u: ***"Het u al die wonderlike ontdekking van die Geesvervulde Lewe gemaak?"*** gelees het, voltooi die volgende hersieningsvrae:

## HERSIENINGSVRAE:

Vir die antwoorde op die volgende vrae word u verwys na die gedeelte: "*Het u al die wonderlike ontdekking van die Geesvervulde Lewe gemaak?*"

1) Op wie se krag maak die self gesentreerde Christen staat?

2) Op wie se krag maak die Geesvervulde Christen staat?

**'n Geesvervulde Christen word self gesentreerd as hy weier om sonde in sy lewe te bely.**

3) Wat is die twee aspekte van geestelike asemhaling?

4) Uit watter 3 elemente bestaan uitaseming? (Belydenis van sonde)

5) Wat beteken inaseming?

6) Ons kan weet dat ons deur geloof deur die Heilige Gees vervul is op grond van:

en op grond van:

## VOORGESTELDE LEESWERK

Johannes hoofstuk 7 tot 9.

## MEMORISEER:

**Johannes 10:10**

**Handelinge 1:8**

# OPVOLG 4

**NAAM:** .....

**DATUM:** .....

##########

## Begin Jou Nuwe Lewe
## Van Groei in Christus

##########

Om Jesus Christus as persoonlike Here en Verlosser aan te neem, is die belangrikste besluit van jou lewe.
Die daad om Jesus Christus deur geloof aan te neem, is die begin van 'n hele nuwe lewe.
Net soos jou natuurlike lewe lug, voedsel, rus en oefening benodig, net so benodig jou geestelike lewe sekere dinge vir groei en ontwikkeling.

Die oomblik toe jy Christus aangeneem het, is jy gebore in God se familie en het jy alles ontvang wat nodig is om die oorvloedige Christelike lewe te lei.
Geestelike groei volg wanneer jy Jesus Christus toenemend begin vertrou. "*Die regverdige sal deur die geloof lewe.*" (Galasiers 3:11). 'n Lewe van geloof sal jou in staat stel om God toenemend te vertrou met elke detail van jou lewe.

Die voedsel vir geestelike groei kry ons in die volgende Beginsels van Groei:
1) Gebed
2) Bybelstudie
3) Gehoorsaamheid

## 1. GEBED

Gebed is om met God te praat en na Hom te luister.
Mislukkings in die Christelike lewe kan meestal teruggevoer word na biddeloosheid.




1) Hoe praat mens met God?

2) Lees Filippense 4:6,7

a) Wat moet ons doen?

b) Waaroor moet ons bid?

c) As ons oor alles bid, wat belowe God sal ons ervaar?

Ons praat met God deur gebed (sien skets); Hy praat met ons deur die Bybel.

## 2. BYBELSTUDIE

Fisiese voedsel is noodsaaklik vir die fisiese lewe. Sonder voedsel word mens swak en uiteindelik siek. Geestelik is dit ook waar. Die Bybel is ons geestelike voedsel.




1) Hoe praat God met die mens?

2) In watter opsig help dit ons om die Bybel te lees? (2 Timotheus 3:16,17)

3) Hoe groei geloof? (Romeine 10:17)

4) Wanneer moet ons die Bybel lees? (Handelinge 17:11)

As ons God se Woord, die Bybel, lees, praat God met ons. –(Soos geillustreer op skets)-

As ons bid, praat ons met God. Dit is nodig dat ons beide (Gebed en Bybellees) voortdurend beoefen.

**Dit is noodsaaklik om God se Woord daagliks te lees vir daaglikse krag.**

## 3. GEHOORSAAMHEID




Die sleutel tot voortdurende groei in die Christelike lewe is gehoorsaamheid aan die wil van God. Om die belangrikheid van gebed en Bybelstudie te besef, beteken niks as ons dit nie toepas in ons lewens nie.

1) Lees Jakobus 1:22.

a) Is dit, volgens hierdie vers, genoeg om die Bybel te lees?

b) Wat behoort ons te doen nadat ons die Bybel gelees het?

2) Hoe kan ons bewys dat ons Jesus liefhet? (Johannes 14:21)

## SAMEVATTING

1) In die lig van ons studie en bespreking, watter drie dinge verwag God van ons om daagliks te doen?

a)

b)

c)

2) Ek besef dat gebed en Bybelstudie noodsaaklik is vir my geestelike groei. Ek gaan daagliks vanaf .....(tyd) tot .....(tyd) bestee om te bid en die Bybel te bestudeer.

3) Wat sal die gevolg daarvan wees as ek God se bevele gehoorsaam? (Johannes 15:10)

4) Waar kry ons die krag om God se wil te gehoorsaam? (Filippense 2:13)

## VOORGESTELDE LEESWERK

Die res van die evangelie van Johannes.

## MEMORISEER

Fillipense 4:6-7

Jakobus 1:22

# OPVOLG 5

**NAAM:** .....

**DATUM:** .....

##########

## Begin Jou Nuwe Lewe In God se Woord

##########

Deur die geskiedenis was dit God se begeerte om met die mense van Sy skepping te kommunikeer.

Voor Jesus gekom het, het God met en deur die toegewyde mense van die Ou Testament gespreek. Hulle het dit neergeskryf.

God het toe sy Woord persoonlik na die aarde gestuur in die persoon van Jesus Christus. (Johannes 1:14).

Terwyl Jesus op aarde was, sowel as na Sy dood en opstanding, het God weer getroue manne gebruik om die Woorde en bediening van Jesus neer te skryf. Die gevolg van hul getrouheid en beskikbaarheid is die Nuwe Testament.

Die Bybel is die totale rekord van God se kommunikasie met ons. Dit is aan ons gegee deur God, wat ons gemeenskap en aanbidding begeer.

Hierdie Bybelstudie gaan help om te verduidelik hoe om die Bybel te verstaan en te geniet.

## LEER OM NA GOD TE LUISTER

Die Bybel is die heel belangrikste boek wat mens kan lees. Baie mense weet nie hoe om te luister na dit wat God deur sy Woord vir hulle sê nie. 'n Betekenisvolle verhouding met God is afhanklik daarvan om te hoor en te verstaan wat Hy met ons deel.

Hier volg nou 'n paar wenke om jou te help om God se Woord te bestudeer.

Jy moet verstaan dat om die Bybel te lees, is nie soos die lees van enige ander boek nie. Die Bybel is God se geinspireerde Woord aan die mens. In hierdie Boek het God iets om aan jou te sê.

Baie van die avontuur van die Christelike lewe kom uit die ontdekking (deur die Bybel) van hoe God is en wat Sy planne met vir my is.

Lees daarom met die volgende gesindheid:
*"Here, dit is U persoonlike brief van liefde en instruksie aan my. Help my om U raad en bevele te verstaan en te gehoorsaam."*

## VOORBEREIDING

Saam met die Bybel, het jy ook 'n pen/potlood en papier nodig.
Geskrewe aantekeninge help jou om helderder te dink.
Dit sal ook verhoed dat jy vergeet wat jy leer.
Dink daaraan om 'n notaboek te koop en dit wat jy leer neer te skryf.

Kry 'n stil plek om Bybelstudie te doen en besluit watter verse jy wil bestudeer.

Stop dan eers en vra God om met jou te praat deur Sy Woord.

## HOE OM DIE BYBEL TE BESTUDEER

**1)** Die beste is om te begin om 'n hele boek in die Bybel te lees. Lees dan die hoofstuk waarin jou verse is drie keer (3x) deur.

**2)** Lees jou gedeelte 'n paar maal om die hoofgedagte te kry. Skryf dit dan in jou eie woorde in jou notaboek.

**3)** Maak seker jy lees ook die gedeelte wat voor en na jou verse staan, sodat jy dit in konteks kan lees.

**4)** Dit help soms om die hele gedeelte neer te skryf.

**5)** As daar iets is wat jy nie verstaan nie, skryf dan jou vraag neer. Miskien kry jy die antwoord later terwyl jy studeer. Tot dan sal die vraag jou laat dink en verder laat lees.

**6)** Hou aan om die gedeelte oor en oor te lees totdat jy nie meer nuwe vrae ontwikkel nie.

### Vra dan die volgende vrae en skryf die antwoorde in jou notaboek:

a) Wat is die hoofgedagte van die gedeelte?

b) Wat is die sleutelvers?

c) Wat leer dit my van God of van Jesus Christus?

d) Van wie praat hierdie gedeelte?
Wie het dit geskryf
Aan wie is dit geskryf?

e) Waar en wanneer vind dit plaas?

f) Watter redes gee die skrywer waarom hy dit sê wat hy geskryf het?

g) Dit is baie belangrik om te vra: Hoe is dit op my van toepassing?

### Vra hierdie vrae:

- Is daar enige **bevel** om te gehoorsaam?
- Is daar 'n **belofte** wat ek vir myself kan toeëien?
- Is daar enige **sonde** wat ek moet bely?
- Is daar enige **voorbeeld** wat ek moet volg?
- Is daar enige **houding** wat ek moet verander?
- Skryf neer watter **veranderinge** jy in jou lewe moet maak. Wees spesifiek.

## OEFENING

- Bestudeer Lukas 19:1-10.
- Volg bostaande stappe
- Skryf jou antwoorde op papier neer

# *OPVOLG 6*

**NAAM:** .....

**DATUM:** .....

##########

## Begin Jou Nuwe Lewe In Gebed

##########

Gebed is om met God te praat. Elke Christen het die voorreg om direk met God te kommunikeer. As ons 'n lewenskragtige en vol Christelike lewe begeer, moet ons leer om met God te praat. Deur gebed kan ons al God se middele vir ons toeëien in Jesus Christus.

Enige bevredigende verhouding behels twee rigting kommunikasie. As ons kyk na die biografieë (lewensbeskrywing) van persone in die Bybel, dan sien ons duidelik die belangrikheid van kommunikasie tussen God en Sy mense. Solank hierdie individue na God geluister, Hom gehoorsaam, en gebid het, was hulle geestelike lewens stralend.
Wanneer hierdie selfde mense egter nie na God geluister het, ongehoorsaam was, en nie met God deur gebed gepraat het nie, het geestelike probleme ingestroom.

Dieselfde ding kan vandag met ons gebeur. God kommunikeer met ons deur sy Woord die Bybel. As ons 'n ryk en vol Christelike lewe begeer, moet ons ook leer om met God te praat. Om te bid is eenvoudig om met God te praat of gesels.

In die lewe van Jesus Christus was gebed 'n baie belangrike prioriteit. Sy begeerte om Sy Vader se teenwoordigheid te soek en Sy Wil deur gebed te ken, was duidelik dwarsdeur Sy aardse lewe. Die lewe van Christus was 'n lewende gesprek met God die Vader. Gebed was die ruggraat van Christus se lewe en bediening. Om soos Christus te word, moet ons leer om te bid.

Gebed moet die volgende elemente insluit: (ABDV)

- **A**anbidding en lofprysing
- **B**elydenis
- **D**anksegging
- **V**ersoeke & Voorbidding

## 1. AANBIDDING EN LOFPRYSING

1.1) W at moet ons volgens Psalm 95:6 doen?

1.2) Volgens Psalm 95:7, hoekom moet ons God aanbid?

1.3) Volgens Psalm 135:3, hoekom moet ons God loof?

God is ons aanbidding en lof waardig. As sy kinders, moet ons Hom loof vir Sy liefde, genade, geduld, heiligheid en krag.

1.4) Lees 1 Kronieke 29:11 12.
Wat vertel hierdie gedeelte ons van God se karakter?

**AANBID EN LOOF GOD DEUR GEBED**
Gebruik nou 'n paar minute om God te aanbid en loof.
Vertel God hoe baie jy Hom waardeer en hoekom.
Vertel God - n.a.v. Sy karakter in 1 Kronieke 29:11 12 - wat jy van Hom dink.
Indien jy hierdie boekie saam met 'n vriend bestudeer, bid saam met hom. Maak beurte om hardop met God te praat.

## 2. BELY JOU SONDES

3.1) Lees Psalm 66:18. Wat gebeur as ons bid en daar is onbelyde sondes in ons lewens?

3.2) Wat sê God wat sal Hy doen volgens 1 Johannes 1:9 as ons ons sondes bely?

Is jy bewus van enigiets in jou lewe wat God nie behaag nie? Indien wel, bely dan jou sonde:

**A. STEM SAAM** met God dat dit wat Hy aan jou as sonde geopenbaar het, sonde is.
**B. DANK** God vir Sy vergifnis op grond van dit wat Christus aan die kruis gedoen het.
**C. BELY**, verander jou houding en optrede.

**BELY JOU SONDE DEUR GEBED**

- Neem 'n paar minute en vra God om jou te wys wat Hom nie behaag nie.

- Maak op jou eie (privaat) op 'n aparte papier 'n lys daarvan.
- Bid nou en bely hierdie sondes.
- Eien nou die belofte van 1 Johannes 1:9 vir jouself toe, en skryf hierdie vers dwarsoor jou papier.
- Vernietig nou jou lysie.

## 3. DANK GOD IN ALLES

2.1) Lees Psalm 106:1. Wat moet ons volgens hierdie vers doen?

2.2) Lees 1 Thessalonicense 5:18. Waarvoor moet ons God dank volgens hierdie vers?

2.3) Lees Romeine 8:28. Hoekom kan ons, volgens hierdie vers, God vir alles dank?

**DANK GOD IN ALLES DEUR GEBED**

a) Neem nou 'n paar minute en maak 'n lys in die onderstaande spasie van dinge in jou lewe wat God gedoen het waarvoor jy vir Hom wil dankie sê.

b) Maak nou 'n lys van onaangename ervarings en moeilike areas in jou lewe waarvoor jy God nie dankie gesê het nie.

**Sê nou vir God dankie vir hierdie dinge.**

## 4. VERSOEKE

4.1) Volgens Jakobus 4:2b, waarom word daar nie aan sommige Christene se behoeftes voldoen nie?

4.2) Volgens Mattheus 7:7, wat sê Jesus wat sal gebeur as ons ons behoeftes bekend maak by God?

4.3) Vir wie moet ons bid volgens 1 Timotheus 2:1?

**BID VIR SPESIFIEKE DINGE**

Neem 'n paar minute en maak 'n lys van jou spesifieke behoeftes en versoeke. Skryf dit neer op 'n aparte stuk papier of agter in jou Bybelstudie notaboek. Skryf ook die datum neer waarop dit verhoor is.

| BEHOEFTES & VERSOEKE | DATUM VERHOOR: |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |

As jou versoeke aan God spesifiek is, sal jy weet wanneer Hy hulle beantwoord het. Dank God wanneer Hy dit beantwoord.

**BID GEREELD**

Gebed kan aangenaam word wanneer jy elke dag jou versoeke in jou notaboek neerskryf. Dit bied dan 'n permanente rekord van jou versoeke.

Dit is ook opwindend om periodiek weer na jou versoeke te kyk en die baie manier te sien waarop God geantwoord en Homself aktief in jou lewe betrokke gemaak het.

## VOORGESTELDE LEESWERK

Lees die boek van Psalms.

# Antwoorde op die Opvolg Reeks: Begin Jou Nuwe Lewe...

**OPVOLGBESOEK 1**

**1. 'N NUWE VERHOUDING**

1) Die opstanding bewys dat Jesus Christus die Seun van God is.
2) Jesus Christus is God en ewige lewe.
3) Ons prediking sou nutteloos wees. Ons geloof in God sou leeg, niksweerd, hopeloos en die apostels is almal leunaars.
4a) Ek word 'n kind van God.
b) Ander Christene word my broers en susters.
5a) Verlossing is nie die beloning vir 'n mens se goeie werke nie.
b) Dit word deur geloof in Jesus Christus bekom.
6) Ja ek het vergifnis vir my sonde ontvang.
7a) Christus sal my nooit verlaat nie.
b) Ons nooi Hom slegs een maal in ons lewens in.

**2. 'N NUWE LEWE**

1) Vind die ewige lewe in Jesus Christus.
2) Ewige lewe.
3a) Ja, 'n mens kan weet dat jy die ewige lewe het.
b) Ja, ek weet dit.
c) Aangesien Jesus dit in Sy Woord belowe het.

**3. 'N NUWE AVONTUUR**

1) Ek het 'n nuwe skepsel geword.
2) Niks kan my van Christus skei nie.
3) Niemand kan my van Christus wegvat nie.

**OPVOLGBESOEK 2**

1) Natuurlike mens
2) Geestelike mens.
3) Vleeslike mens.
4) Nee.
5) Nee.
6) Ja.
7) Ja.
8) Ja.
9) Nee.
10) Ons moet ons sondes bely.
11) God belowe om ons ons sondes te vergewe en van alle ongeregtigheid te reinig.

**OPVOLGBESOEK 3**

1) Die vleeslike Christen maak op sy eie krag staat om die Christelike lewe te lewe.
2) Die Geestelike Christen maak op die Krag van die Heilige Gees staat om die Christelike lewe te lei.
3) Uit- en inaseming.
4) Uitaseming (Belydenis) bestaan uit:
* Met God saam te stem oor my sonde.
* Hom te bedank vir my vergifnis.
* Wegdraai -- 'n verandering van gesindheid.
5) Inaseming beteken om die beheer van my lewe aan Christus oor te gee en om die volheid van die Heilige Gees vir myself toe te eien deur geloof.
6) God se opdrag en belofte.

**OPVOLGBESOEK 4**

**1. GEBED**

1) Mens praat met God deur gebed.
2a) Ons moet bid.
b) Ons moet oor alles bid.
c) Ons sal God se vrede ervaar.

**2. BYBELSTUDIE**

1) God praat met die mens deur Sy Woord, die Bybel.
2) Nuttig tot lering, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel, regte lewenswyse aan te kweek. Om ons volkome toe te rus vir elke goeie werk.
3) Geloof groei deur die lees en bestudering van die Woord van God.
4) Ons moet die Woord van God daagliks lees.

**3. GEHOORSAAMHEID**

1a) Dit is nie genoeg om net die Bybel te lees nie.
b) Ons moet gehoorsaam wees aan dit wat die Bybel ons leer.
2) Deur Jesus se gebooie te gehoorsaam, wys ons dat ons Hom liefhet.

**SAMEVATTING**

1a) Bid.
b) Lees en bestudeer die Bybel.
c) Wees aan Hom gehoorsaam.
2) Jou eie keuse.
3) Ons sal in Christus se liefde bly as ons Sy gebooie gehoorsaam.
4) Ons verkry die krag om God se gebooie te gehoorsaam deur God self.

**OPVOLGBESOEK 6**

**1. AANBIDDING EN LOF**

1.1) Ons moet voor Hom aanbid; In eerbetoon voor Hom kniel en neerbuig.
1.2) Ons moet Hom aanbid aangesien Hy ons God is en ons Sy volk.
1.3) Ons moet God loof aangesien Hy goed is en dit Hom geval.
1.4) Kenmerke is o.a: Sy grootheid; Sy krag; Sy glans; Sy roem. Die majesteit behoort aan Hom.

**2. BELY JOU SONDES**

2.1) God hoor nie ons gebede as daar onbelede sondes in ons lewens is nie.
2.2) Wanneer ons ons sondes bely, sal God ons vergewe en van alle ongeregtighede reinig.

**3. DANK GOD IN ALLES**

3.1) Ons moet God dank.
3.2) Ons moet hom dank vir elke ding.
3.3) Ons moet Hom in alles dank aangesien Hy alles ten goede laat meewerk.

**4. SPESIFIEKE VERSOEKE**

4.1) Daar word soms nie aan sekere Christene se behoeftes voldoen nie aangesien hulle dit nie van God vra nie.
4.2) Wanneer ons ons behoeftes by God bekend maak, sal Hy ons antwoord.
4.3) Ons moet vir ander mense bid.